Downloaded from www.mycourses.co.za

higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT

# HANDELSREG N5

(13030105)

**2 Desember 2019 (X-Vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za


# DEPARTEMENT HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
HANDELSREG N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

**LET WEL:** Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek ALLE werk dood wat jy NIE wil hê nagesien moet word NIE.

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. AFDELING A is VERPLIGTEND en moet deur ALLE kandidate in die ANTWOORDBOEK beantwoord word.
2. Beantwoord enige DRIE vrae in AFDELING B.
3. Lees AL die vrae deeglik deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.
6. AL die antwoorde moet in VOL SINNE wees, behalwe waar anders aangedui word.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Die situasie waarvolgens 'n reg van verhaal as sekuriteit vir 'n skuld/verpligting sedeer word.

A Retensiereg
B Pand
C Sessie om 'n sekuriteit vir 'n verpligting te gee
D Verband

1.1.2 Ingevolge die nuwe Maatskappywet van 2008, is Office Supplies (Edms) Bpk, 'n privaat maatskappy, daarop geregtig om sake te begin doen by ontvangs van die ...

A Akte van oprigting
B Klaringsertifikaat ('Ceritificate of clearance')
C Akte van oprigting
D Sertifikaat om met besigheid te begin

1.1.3 'n Belangrike verskil tussen die Maatskappywet van 1973 en dié van 2008 is dat die Maatskappywet van 2008 voorsiening maak vir die ...

A uitreiking van aandele sonder pariwaarde.
B afskaffing van aandele sonder pariwaarde.
C uitreiking van 'n prospektus.
D samesmelting van alle aandeleklasse in een klas.

1.1.4 Watter stelling is korrek? 'n Beslote korporasie word geskep deur ...

A die samewerkingsooreenkoms in te dien.
B die voorgeskrewe registrasiegeld te betaal.
C sy akte van oprigting te registreer.
D 'n stigtingsverklaring te registreer.

1.1.5 Thabo se boedel is aan die begin van Maart hierdie jaar gesekwestreer. Watter van die volgende items val binne sy insolvente boedel?

A R800 wat David hom verlede jaar in Desember betaal het toe met Thabo se motor gebots het en dit beskadig het
B Sy maandelikse pensioen wat sedert Maart hierdie jaar betaal word
C Skoene wat hy in Januarie vir R1 900 gekoop het
D R3 500 wat 'n kliënt hom in Maart vir sy diens as boekhouer betaal het

(5 × 2) (10)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer. Korrigeer die stelling indien dit ONWAAR is.

1.2.1 'n Vennootskap betaal inkomstebelasting op die netto wins van die onderneming en elke vennoot betaal inkomstebelasting op sy of haar pro rata-aandeel van die wins.

1.2.2 Indien enige persoon iemand anders willens en wetens toelaat om handelinge in sy of haar naam te verrig en nie beswaar aanteken nie, word 'n agentskapkontrak deur estoppel geskep.

1.2.3 Verpligte sekwestrasie van 'n skuldenaar se boedel vind plaas wanneer die hof 'n rehabilitasiebevel op versoek van die skuldeiser uitreik.

1.2.4 Soortgelyk aan 'n vennoot wat toegang tot die vennootskap se boeke het, het 'n aandeelhouer 'n reg op toegang tot die maatskappy se rekeningkundige rekords.

1.2.5 'n Borg ('surety') vervang die hoofskuldenaar se aanspreeklikheid en versterk dit nie.

1.2.6 'n Maatskappy sonder winsoogmerk moet direkteure hê wat hul pligte in hulle leeftyd sal uitvoer, met ander woorde, wanneer hulle sterf, word die maatskappy ontbind, net soos in die geval van 'n vennootskap.

1.2.7 Die Suid-Afrikaanse Buro van Standaarde (SABS) is 'n voorbeeld van 'n maatskappy met persoonlike aanspreeklikheid wat in die kategorie van maatskappye met 'n winsoogmerk val.

1.2.8 Ingevolge die nuwe Maatskappywet van 2009 is die begrip van 'pariwaarde-aandele' afgeskaf, alhoewel maatskappye nog steeds 'aandele sonder pariwaarde' mag uitreik.

1.2.9 Suid-Afrikaanse ondernemings wat gereguleer word deur die nuwe Maatskappywet van 2008 bestaan uit maatskappye en beslote korporasies en die Registrateur van Maatskappye en Beslote Korporasies bestuur steeds van tyd tot tyd hul registrasie en ander reguleringsvereistes, waar nodig.

1.2.10 'n Pandhouer se reg strek slegs oor die goedere wat gegee of oorhandig word as sekuriteit, maar nie oor die byvoegings/aanhangsels by daardie goedere nie.

(10 × 2) (20)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


1.3 Kies 'n item/woord uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (1.3.1-1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.3.1 | Gemeenregtelike voordeel wat die borg toelaat om te eis dat die skuldeiser eers moet probeer om betaling van die hoofskuldenaar te verkry voor hy van die borg mag eis | A | persoonlike-aanspreeklikheidsmaat-skappye |
| 1.3.2 | Lei tot die eensydige ontbinding van 'n vennootskap | B | private plasing |
| 1.3.3 | Ooreenkoms waarvolgens roerende goedere as sekuriteit vir 'n skuld gegee word | C | onbehoorlike voorkeure |
| 1.3.4 | Professionele assosiasies | D | verdeling van netto verliese |
| 1.3.5 | Vernietigbare voorkeur | E | verdeling ('division') |
| 1.3.6 | Besigheidsomskepping nie moontlik na 2008 | F | beslote korporasies |
| 1.3.7 | Enige vennoot se plig | G | oordrag van aandele |
| 1.3.8 | Gemeenregtelike voordeel wat die borg toelaat om te eis dat die skuldeiser die hoofskuld tussen medeborge verdeel | H | pand |
| 1.3.9 | Manier om kapitaal te bekom deur aandele te verkoop | I | voorreg van uitwinning (excussion') |
| 1.3.10 | Beëindiging van lidmaatskap van 'n maatskappy | J | moedswillige nalatigheid ('wilful negligence') |
| | | K | rehabilitasie |
| | | L | verband |

(10 × 2) (20)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

Downloaded from www.mycourses.co.za
Kopiereg voorbehou 

Downloaded from www.mycourses.co.za


## AFDELING B

Beantwoord enige DRIE vrae in hierdie afdeling.

### VRAAG 2

2.1 Jy is 'n student in Handelsreg N5 vir jou N6 Nasionale Sertifikaat en een van die studente by jou kollege nader jou om advies. Die student vertel jou dat sy ouers besig is om te skei en dat sy vader, wat lid van 'n BK is waarin sy moeder 'n 10%-belang het, wil weet wat met sy vrou se 10%-aandele na hul egskeiding sal gebeur.

Adviseer die student. (2 × 2) (4)

2.2 GEEN nuwe beslote korporasies mag gevorm word nie. BKs wat geregistreer is totdat die nuwe Maatskappywet in 2008 in werking getree het, mag voortbestaan en kan dus steeds die geleentheid aan nuwe toetreders bied om 'n lid van 'n bestaande BK op hierdie manier te word.

Verduidelik die verskillende maniere waarop mens deesdae lidmaatskap van 'n bestaande beslote korporasie kan bekom aan die ander lede van jou studiegroep. (4 × 2) (8)

2.3 Noem DRIE funksies van 'n ooreenkoms om in 'n beslote korporasie saam te werk. (3 × 2) (6)

2.4 Vennootskappe word gewoonlik in drie klasse ingedeel waarvan een sodanige klas 'buitengewone' vennootskappe is.

Bespreek die anonieme vennoot as 'n buitengewone tipe vennoot en verduidelik die betekenis hiervan duidelik met betrekking tot die volgende: lidmaatskap, aanspreeklikheid teenoor derde partye, beheer en verdeling van verliese (5 × 2) (10)

2.5 Asanda, Marissa en Thandeka besluit om 'n vennootskap te vorm. Hulle kom ooreen dat Thandeka as kommanditêre vennoot sal aansluit. Een jaar besluit hulle vrywillig om die finansiële rekords te laat oudit. Hulle ontdek dat hul bates R600 000 werd is en dat hulle skuld ten bedrae van R920 000 het. Die vennootskap word binne 'n maand gesekwestreer.

Die vennote se private bates is onderskeidelik R200,000, R3 miljoen en R950 000 werd.

Wat is die uitwerking van die sekwestrasie van hul vennootskap se boedel op die vennootskap en op Asanda, Marissa en Thandeka se boedels?

Lees die inligting wat hierbo verskaf word om te verduidelik hoe die vennootskap se skuldeisers hul geld sal kan verhaal, en indien van toepassing, van wie. (6 × 2) (12)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


2.6 Die tabel hier onder verskaf 'n vergelyking tussen die Maatskappywet No 61 van 1973 en die nuwe Maatskappywet No 71 van 2008. Skryf die ontbrekende antwoorde vir die ooreenstemmende bepalings van die Maatskappywet No 71 van 2008 langs die vraagnommers (2.6.1–2.6.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

| **MAATSKAPPYWET NO 61 van 1973** | **MAATSKAPPYWET NO 71 van 2008** |
|---|---|
| Memorandum en statute ingedien vir registrasie | 2.6.1 |
| Maatskappye met aandelekapitaal en beperk by wyse van waarborg as tipe maatskappye | 2.6.2 |
| Lede<br>Openbare maatskappy – minimum 7<br>Private maatskappy – minimum 1 | 2.6.3 |
| Oudit van boeke van 'n beslote korporasie is opsioneel | 2.6.4 |
| Regsmiddel teen sekwestrasie aangebied vir maatskappy: geregtelike bestuur | 2.6.5 |

(5 × 2) (10)
**[50]**

## VRAAG 3

3.1 Adriaan besit 'n plaas. 'n Verband van R900 000 ten gunste van Easy Finance Bank is oor die plaas geregistreer. Die verbandakte dien as sekuriteit vir die geld (R900 000) wat Adrian by die bank geleen het.

'n Jaar later erf Adrian geld van sy oom en betaal R450 000 van die geld terug wat hy aan die bank skuld en besluit om die helfte van die plaas te verkoop. Hy verkry die diens van 'n aktebesorger en besluit om die onderverdeelde gedeelte aan Maria te verkoop. Moet Adrian toestemming van Easy Finance Bank verkry voor die onderverdeelde gedeelte behoorlik in Maria se naam geregistreer mag word?

Volgens Adrian sal dit onnodig wees, aangesien die helfte van die geleende geld terugbetaal is en slegs die helfte van die oorspronklike eiendom dus nog aan die verbandhouer se verband onderworpe is.

Hy beskou ook die onderverdeelde gedeelte as die gedeelte 'waarvoor hy reeds betaal het'. Adviseer Adrian dienooreenkomstig. (4)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


3.2 Bongiwe is 'n agent vir Spotless Skin Cosmetics. Sy verkoop skoonheidsprodukte vir die maatskappy wat sy verteenwoordig.

Bespreek Bongiwe se aanspreeklikheid as agent teenoor die maatskappy en die publiek (kliënte/verbruikers) op grond van elkeen van die volgende:

3.2.1 Uitdruklike waarborg (2 × 2) (4)

3.2.2 Bedrieglike wanvoorstelling (2 × 2) (4)

3.2.3 Stilswyende waarborg van gesag (2 × 2) (4)

3.3 'n Man en vrou besluit om 'n onderneming as 'n vennootskap te begin. Aangesien hulle getroud is (en hulle beskou die huwelik as 'n tipe vennootskap), dink hulle dis nie nodig om enige formaliteite aan te gaan nie. Hulle nader jou om advies. Adviseer hulle of dit nodig is dat hulle (besigheid se) vennootskapooreenkoms op skrif moet wees.

Antwoord deur 'ja' of 'nee' neer te skryf en jou antwoord te motiveer. (3 × 2) (6)

3.4 Skryf 'n kort aantekening oor die rehabilitasie van 'n insolvent. (3 × 2) (6)

3.5 Verduidelik kortliks vernietigbare voorkeure onder die volgende opskrifte:

3.5.1 Betekenis van vernietigbare beskikkings (2)

3.5.2 Vernietigbare voorkeure ('preferences') (2 × 2) (4)

3.5.3 Beskikkings sonder waarde (2 × 2) (4)

3.6 Noem DRIE voordele vir die skuldeiser wanneer die skuldenaar se boedel gesekwestreer word. (3 × 2) (6)

3.7 Die verskillende tipes en vorms van kontrakte of ooreenkomste verskil duidelik van mekaar op grond van hul unieke kenmerke.

Noem DRIE kenmerke van verteenwoordiging of agentskap wat hulle van ander regsinstrumente onderskei (3 × 2) (6)

**[50]**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


**VRAAG 4**

4.1 Daar word gesê dat 'besit noodsaaklik is vir die bestaan van 'n retensiereg'. Noem of 'n geldige retensiereg in elkeen van die volgende gevalle bestaan en verskaf redes vir jou antwoorde.

4.1.1 'n Rekenmeester hou sy/haar kliënt se boeke totdat die kliënt hom/haar betaal het om die inkomste- en balansstaat voor te berei.

4.1.2 'n Juwelier hou sy/haar kliënt se horlosie totdat sy/haar geld vir die herstelwerk aan die horlosie betaal word.

(2 × 2) (4)

4.2 Noem watter tipe verryking of skuldenaar-/skuldeiserretensiereg in elkeen van die volgende gevalle teenwoordig is:

4.2.1 Tydens stormweer herstel 'n visserman iemand anders se boot wat besig is om in die hawe te sink.

4.2.2 'n Afslaer hou die koopprys van die goedere wat verkoop is totdat sy/haar kommissie betaal is.

(2 × 2) (4)

4.3 Wat beteken die frase, *voorreg van sessie van aksies,* met betrekking tot borgstellingskontrakte? (3 × 2) (6)

4.4 Noem VIER dade van insolvensie soos bepaal deur die Insolvensiewet.

(4 × 2) (8)

4.5 Noem TWEE belangrike dokumente wat in die konstitusie van 'n maatskappy beliggaam word. (2 × 2) (4)

4.6 Skryf aantekeninge oor die stigtingsverklaring van 'n beslote korporasie met spesifieke verwysing na enige VIER besonderhede wat hierdie verklaring moet bevat. (4 × 2) (8)

4.7 Beskryf die maniere waarop 'n persoon lidmaatskap kan bekom wanneer 'n beslote korporasie tot stand kom. (4 × 2) (8)

4.8 Noem DRIE funksies van 'n ooreenkoms om in 'n beslote korporasie saam te werk. (3 × 2) (6)

4.9 Lees die volgende stelling en verskaf redes vir jou antwoord.

Is dit korrek om na vennootskapbates of vennootskaplaste te verwys of om na die bates en laste van die vennote te verwys? (2)

**[50]**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


**VRAAG 5**

5.1 Drie entrepreneurs, Morné, Louise en Sarah, wil 'n elektroniese winkel open wat selfone, toebehore en rekenaarhulpmiddels verkoop.

Hulle is nie seker of hulle 'n maatskappy vir hierdie doel moet registreer nie of om sake as 'n vennootskap te doen.

Adviseer hulle oor die verskille tussen maatskappye en vennootskappe.

**WENK:** Teken die tabel hier onder oor in die ANTWOORDBOEK en voltooi die tabel.

| **MAATSKAPPYE** | | **VENNOOTSKAPPE** |
|---|---|---|
| **PRIVAAT** | **PUBLIEK** | |
| Lidmaatskap (min/maks)? (1) | Lidmaatskap (min/maks) (1) | Lidmaatskap (min/maks)? (2) |
| Aandeletransaksies met die publiek (1) | Aandeletransaksies met die publiek (1) | Aandeletransaksies met die publiek (2) |
| Hoe hou hulle verband met hierdie tipe maatskappy? (1) | Hoe hou hulle verband met hierdie tipe maatskappy? (1) | Hoe hou hulle verband met 'n vennootskap? (2) |
| Stilswyende of uitdruklike gesag om as agent van die maatskappy op te tree? | Stilswyende of uitdruklike gesag om as agent van die maat-skappy op te tree? (2) | Stilswyende of uitdruklike gesag om as agent op te tree en die vennootskap te bind? (2) |

(18)

5.2 Verduidelik wat gebeur wanneer die bydrae van ('n) vennoot/vennote nie in geld bereken kan word nie. Verduidelik. (2)

5.3 Waarom speel die vennootskapsooreenkoms so 'n belangrike rol met betrekking tot die verskillende bydraes van die vennote in 'n vennootskap? (2)

5.4 Verduidelik kortliks die volgende regte van vennote:

5.4.1 Die reg op vergoeding (2 × 2) (4)

5.4.2 Die reg op verdeling van bates na beëindiging (2 × 2) (4)

5.5 'Wanneer 'n vennoot buite sy stilswyende gesag opgetree het, kan die medevennote die transaksie stilswyend bekragtig.'

Verduidelik kortliks. (3 × 2) (6)

5.6 Bespreek die gevolge van die ontbinding van 'n vennootskap in die algemeen met spesiale verwysing na die vennote en na buitestanders. (2 × 2) (4)


Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


5.7 Die skematiese oorsig hier onder stel retensieregte ('liens') voor wat jy oor twee dae aan jou dosent moet voorlê. Iemand het egter koffie op die drukstuk gemors en probeer om dit reg te stel deur 'n nuwe bladsy met die inligting te tik.

Jy besef egter dat die inligting wat in die oorsig ingetik is verkeerd is en reggestel moet word sodat die verskillende tipe retensieregte ('liens') korrek voorgestel word.

**WENK:** Teken die oorsig in jou ANTWOORDBOEK soos hier onder aangetoon. Verander daarna die benamings sodat hulle in die korrekte spasies is en sin maak.




(5 × 2) (10)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 150**
**GROOTTOTAAL: 200**

Downloaded from www.mycourses.co.za
Kopiereg voorbehou